

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS HUISTAAL V1 (MEMORANDUM)

**PUNTE: 70**

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1 KOERANTBERIG, SPOTPRENT EN ADVERTENSIE

Nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute en een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- OF FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel:
  - 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en
  - 1 punt vir die rede motivering/aanhaling.
    - ➢ As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
    - ➢ As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Gee penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word 'n aanhaling gevra.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| Vraag | Antwoord | Punt | LU | AS | Barret |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Dit bedreig die werk en inkomste van die ware kunstenaars en vervaardigers. | 2 | 2 | 1.6 | 3 |
| 1.2 | Die vervalste Springboktruie wat gekonfiskeer is. | 1 | 2 | 1.6 | 1 |
| 1.3 | Dis goedkoper | 1 | 2 | 1.3 | 1 |
| 1.4 | Groot sportgebeurtenisse bevorder roofprodukte | 1 | 2 | 2.8 | 1 |
| 1.5 | Sokker-wêreldbeker vervalste items het Adidas baie geld gekos. | 2 | 2 | 2.5 | 3 |
| 1.6 | Ja, want hulle was bewus van goedkoper ondersteuningsdrag teenoor die duur replika | 2 | 2 | 2.10 | 3 |
| 1.7 | Hulle besef dis 'n bedryfsprobleem en het die polisie en ander opgelei om die probleem vas te vat. | 2 | 2 | 1.7 | 4 |
| 1.8 | Roofprodukte kom deur hawens en lughawens die land binne versteek tussen ander goedere wat ingevoer word. | 2 | 2 | 2.10 | 4 |
| 1.9 | Die land verloor waardevolle inkomste. | 1 | 2 | 2.5 | 3 |
| 1.10 | Hulle verloor inkomste en werk./Vervalsings is dikwels van swakker gehalte wat die naam van die produk kan skaad. | 2 | 2 | 2.1 | 2 |
| 1.11 | Dit is swak gehalte. | 1 | 2 | 1.3 | 1 |
| 1.12 | Dit verlam die plaaslike tekstielbedryf/mense wat dit koop, ondersteun misdaad/die vervalsings word deur kinderarbeid vervaardig. ENIGE 1 | 1 | 2 | 3.2 | 4 |
| 1.13 | Renosters word uitgeroei om hul horings te bekom. | 1 | 2 | 3.2 | 2 |
| 1.14 | Matilda probeer soos Lady Gaga wees/Matilda probeer haar kamoefleer/Matilda kon nie glo iemand gaan iets doen aan hulle lot nie./Lady Gaga is nie meer haarself nie. | 1 | 2 | 2.4 | 4 |
| 1.15 | Ongeloof/verbasing/skok | 1 | 2 | 2.7 | 4 |

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresource.com

Downloaded from eduresourceza.com


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.16 | Hulle gaan alles in die stryd werp om te help EN Hulle gaan net soos hulle is betrokke raak by die veldtog teen renosterstropery. | 2 | 2 | 2.7 | 3 |
| 1.17 | In vervoering word lyflik en met gepaste gesigsuitdrukkings letterlik uitgebeeld. | 2 | 2 | 2.9 | 3 |
| 1.18 | Jy kry 'n 5-jaar waarborg.<br>Jy kry 'n 3-jaar diensplan. | 2 | 2 | 1.3 | 2 |
| 1.19 | Jy moet sms vir 'n toetsrit. | 1 | 2 | 1.6 | 1 |
| 1.20 | Die motor is die fokuspunt.<br>Verskillende lettertipes maak dit interessant.<br>Die persoon ondersteun die boodskap.<br>Dit lok die leser met die kompetisie-idee.<br>ENIGE 2<br>Voldoende inligting word verstrek. | 2<br><br>**[30]** | 2 | 2.10 | 3 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**LU2 AS2 1.5 Barret 2**

Nasien van die opsomming:

- Kandidaat moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
- Taalpunte word onder die volgende voorwaardes toegeken:
  - Vir 1 punt moet 1 – 3 feite korrek wees
  - Vir 2 punte moet 4 – 5 feite korrek wees
  - Vir 3 punte moet 6 – 7 feite korrek wees
  - Penaliseer soos volg:
    - Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
    - Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
    - Trek 1 punt af van die totaal behaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**Maniere om jou energievlakke op te bou**

1. Eet knoffel, want selenium is goed vir die gemoed.
2. Genoeg vitamien $B_1$ sal moegheid teëwerk.
3. Agt glase water laat jou jou energievlak handhaaf.
4. Probeer kafeïen vermy.
5. Gereelde oefening verbeter jou energievlakke.
6. Eet meer gereeld kleiner porsies om jou energievlak konstant te hou.
7. Dis wys om lae G.I.-kos te eet, want dis 'n volgehoue energiebron.
8. Verstandige sonblootstelling verhoog jou energievlakke.
9. Voeg jou speserye by jou middagete vir 'n energiehupstoot.

(Enige 7 in die 70 woorde of minder)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3 BRIEF EN STROKIESPRENTE

| Vraag | Antwoord | Punt | AS | LU | Barret |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | sers. | 1 | 1.2 | 4 | 1 |
| 3.2 | Sy is nie regtig 'n sersant nie. | 1 | 2.12 | 4 | 2 |
| 3.3 | Werknemer | 1 | 1.9 | 4 | 1 |
| 3.4 | Kleinighede | 1 | 1.5 | 4 | 1 |
| 3.5 | C – Veelvoudige sin | 1 | 2.6 | 4 | 2 |
| 3.6 | In par.1 beteken dit voorberei en hier beteken dit uitgeput/moeg gemaak | 2 | 1.1 | 4 | 3 |
| 3.7 | Jy is ongelukkig/ontevrede oor iets | 1 | 2.13 | 4 | 2 |
| 3.8 | sonnetjie | 1 | 1.5 | 4 | 1 |
| 3.9 | Na ongeveer twee minute se wag het 'n vriendelike veiligheidswag daar aangekom. | 1 | 2.4 | 4 | 2 |
| 3.10 | Kraaknetjies | 1 | 1.6 | 4 | 1 |
| 3.11 | Sy sê (bevestigend) vir hom dat sy 'n kwaai sersant is./Sy sê bevestigend sy is 'n baie kwaai sersant. | 1 | 2.9 | 4 | 3 |
| 3.12 | Jou besluit is wys | 1 | 2.1 | 4 | 3 |
| 3.13 | Professionele | 1 | 1.1 | 4 | 2 |
| 3.14 | Ek en Ouma OF Ouma met 'n hoofletter | 1 | 1.1 | 4 | 3 |
| 3.15 | Daar kan op stoele gesit word. | 1 | 2.8 | 4 | 3 |
| 3.16 | Wanneer dit na 'n kaartspel verwys | 1 | 1.5 | 4 | 4 |
| 3.17 | Wat | 1 | 2.1 | 4 | 1 |
| 3.18 | Klakous | 1 | 2.13 | 4 | 3 |

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.19 | Lopende | 1 | 2.3 | 4 | 2 |
| 3.20 | Hulle betree 'n lewensgevaarlike terrein. | 1 | 3.2 | 4 | 4 |
| 3.21 | Hy is bang om daar in te gaan. | 1 | 3.1 | 4 | 4 |
| 3.22 | Ek kruip nie onder 'n bank weg vir 'n donderstorm nie. | 1 | 2.10 | 4 | 3 |
| 3.23 | Gravis | 1 | 1.3 | 4 | 1 |
| 3.24 | Hy gaan dit op sy blog bekendmaak wat beteken almal sal daarvan weet. | 1 | 3.3 | 4 | 4 |
| 3.25 | Moet asseblief nie naby 'n taxi kom nie. | 1 | 2.7 | 4 | 2 |
| 3.26 | (die) meeste | 1 | 1.6 | 4 | 1 |
| 3.27 | Dit klink reg/goed | 1 | 3.3 | 4 | 2 |
| 3.28 | Wat eet ons *wanneer ons tuis kom?*/as die son sak | 1 | 2.5 | 4 | 2 |
| 3.29 | Biefstuk/rooiwynsous/wasdag | 1 **[30]** | 1.4 | 4 | 1 |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com